

12 Augustus

**Skrifgedeelte: Romeine 6:15-23 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Romeine 6:16**

### **Net om u wil te doen – gehoorsaamheid beloon**

In die eerste gedeelte van Romeine 6 word ons opgeroep om nie die begeertes van ons sterflike aardse bestaan te gehoorsaam nie. Daarteenoor volg 'n beloning vir elkeen wat aan God gehoorsaam is: *vryspraak en lewe*. Paulus se woordkeuse beklemtoon die skerp verskil. Aan die een kant is jy slaaf en dood en aan die anderkant vrygespreek en lewend.

In hierdie nuwe verhouding waarin Christus jou geplaas het, verwag Hy van jou gehoorsaamheid aan sy wil. As dienskneg (slaaf) van die Here stel jy nou alles in diens van God. Ons is slawe van God wat sy wil doen. Van 'n slaaf word absolute gehoorsaamheid en toewyding aan die eenaar verwag. Dit is meer as net 'n voorneme, maar verg konkrete dade. Elke deel van jou liggaam word ingespan om heilig te lewe. Die digter van Psalm 123 gee 'n treffende beskrywing van gehoorsaamheid: "Soos die oë van 'n slaaf gerig is op die hand van sy eenaar, so is ons oë gerig op die Here ons God."

Met hierdie beeld word ons vermaan en opgeroep om noukeurig op ons optrede te let. Waar jou oë, hande en voete op die pad van onreinheid en wetteloosheid gefokus was, stel jy nou alles in diens van God.

Vroeër het ons optrede tot niks gelei nie. Ons is eerder skaam oor 'n leefwyse wat niks opgelewer het nie. Maar vir elke gehoorsame kind van die Here is daar vrug: 'n heilige lewe en die ewige lewe. Gehoorsaamheid is die intiemste belewenis van my geloof. As gehoorsame kind is ek onmiddellik in die ruimte waar die Here sy liefde en genade betoon.

Bid dat God ons aan Hom gehoorsaam sal maak!

*Sing: Psalm 19:7 (Totius)*

*Ds. PJ van Blerk (Rustenburg-Wes)*